

WYSIGINGSDOKUMENT NOMMER 4


DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK - PENSIOENFONDS

Bestuit

- ♦ Die RAAD van die FONDS het op 04/10/2007 te PRETORIA besluit dat die REËLS van die FONDS (soos gewysig) word deur hierdie REËLS wat van krag is met ingang 1 November 2007; en
- ♦ dat hierdie besluit in ooreenstemming met die bestaande STATUTE geneem is.

Die redes vir die wysigings tot die REËLS is om voorsiening te maak vir:

- ♦ Die omskakeling van die FONDS van 'n vastevoordeel fonds na 'n vastedydrae fonds waar alle bestaande lede 'n eenmalige kause gegoe word om om te skakel van die vastevoordeel struktuur na die vastedydrae struktuur.
- ♦ All nuwe LEDE wat na 1 November 2007 toetree, sal toetree onder die vastedydrae fonds.
- ♦ Die uitkontraktering van alle pensioenarisse wat voor 1 November 2007 afgetree het na 'n GEREGISTREERDE VERSEKERARAAR in die naam van die LID.
- ♦ Verdere voorsiening word gemaak vir die administrasie van die Fonds op 'n nuwe basis om voorsiening te maak vir die nuwe vastedydrae voordeelstruktuur.



Sertifkasje

Gesertifseer dat die bogenoemde besluit aarvaar is in coreenstemming met die bepallings van die REËLS van die FONDS.

.....
Voorstter van die RAAD

.....
Datum

.....
Lid van die RAAD

.....
Datum

.....
Hooftbeampje

.....
Datum

*Die Reëls van die Afrikaanse Protestantse
Hout Pensioenfonds*


INHOUDSOPGAVE

BLADSY NO

<u>DEEL 1</u>	7
1 INLEIDING	7
1.1 NAAM EN OPRIGTINGSDATUM	7
1.2 OOGMERK	7
1.3 STATUS	7
1.4 GEREGISTREERDE KANTOOR	7
<u>DEEL 2</u>	8
2 WOORDOMSKRYWINGS	8
<u>DEEL 3</u>	17
3 LEDMAATSKAP	17
3.1 KWALIFISERING	17
3.2 BEÏNDIGING	17
<u>DEEL 4</u>	18
4 BYDRAES	18
4.1 LOPENDE LEDEBYDRAES	18
4.2 LOPENDE WERKGEWEEBYDRAES	18
4.3 BETALING VAN BYDRAES AAN FONDS	18
4.4 BETALINGS AAN GEREGISTREERDE VERSEKERAAR OF PORTEFOLJEBESTUURDER	19

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 2 van 53



DEEL 5

20

5 AFTREEVOORDELE

20

5.1 AFTREDE OP NORMALE AFTREEDATUM

20

5.2 PENSIOEN VANAF GEREGISTREERDE VERSEKERAAR

20

5.3 VROÛE AFTREDE

21

5.3.1 VRYWILLIGE AFTREDE

21

5.3.2 AFTREDE AS GEVOLG VAN SWAK GESONDHEID

21

5.4 LAAT AFTREDE

22

5.5 KOMMUTASIE VAN 'N PENSIOEN

22

5.6 AANVULLENDE PENSIOEN

22

DEEL 6

23

6 STERFTEVOORDELE VOOR AFTREDE

23

6.1 DOOD VOOR OF OP NORMALE AFTREEDATUM VAN 'N WERKNEEMER

23

6.2 RISIKO STERFTE - IN - DIENS ENKELBEDRAGVOORDEEL

23

DEEL 7

24

7 UITDIENSTREDINGSVOORDELE

24

7.1 KONTANTVOORDEEL

24

7.2 OORDRAG NA ANDER FONDS

24

7.3 OPSIE OP GEDEELTELIKE KONTANTVOORDEEL EN GEDEELTELIKE OORDRAGVOORDEEL

25

7.4 WERKGEWER SE REG OM BETALING VAN DIE KONTANTVOORDEEL UIT TE STEL

25

7.5 SPESIALE BEPERKING OP OPSIES

26

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 3 van 53

Handwritten signature and initials in black ink, located at the bottom right of the page. The signature appears to be 'J. A. S'.

DEEL 8

27

8 AFWESIGHEID UT DIENS

27

8.1 AFWESIGHEID MET DIE WERKGEWER SE TOESTEMMING

27

8.2 AFWESIGHEID SONDER DIE WERKGEWER SE TOESTEMMING

28

8.3 LID WAT ONGESKIKTHEIDSVOORDEEL ONTVANG

28

DEEL 9

29

9 BESTUUR

29

9.1 DIE RAAD

29

9.2 VERKIESING VAN RAADSLEDE DEUR LEDE

30

9.3 SEKUNDI

31

9.4 MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD

31

9.5 WERKWIJSES VAN DIE RAAD

33

9.6 HOOFBEAMPTE EN SEKRETARIS

34

9.7 ADMINISTRATEUR

34

9.8 AKTUARIS

35

9.9 PORTEFEULJEBESTUURDER

35

9.10 OUDITEUR

35

9.11 PERSOONLIKE AANSPREKLIKHEID

35

9.12 VRYWARING TEEN VERLIES

35

9.13 UITGAWES VAN DIE RAAD

36

9.14 VOORSIENING VAN GEGEWENS

36

9.15 VERLYDING VAN KONTRAKTE EN ANDER DOKUMENTE WAT BINDEND IS OP DIE FONDS


36

9.16 REGISTERS WAT DIE FONDS MOET HOU

36

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 4 van 53



DEEL 10

38

10 REKENING EN RESERWES

38

10.1 KOSTERESERWEREKENING

38

10.1.1 KREDIETE

38

10.1.2 DEBIETE

38

DEEL 11

40

11 BELEGGING VAN BATES EN GELDE

40

11.1 BELEGINGSKEUSE

40

11.2 BELEGGING VAN BATES EN GELDE TERNYLT EIS HANGENDE IS

40

DEEL 12

42

12 DIVERSE BEPALINGS

42

12.1 BENODEIDES BY AFSTERWE VOOR NORMALE APTREEDATUM

42

12.2 VOORDELE ONVERVREEMBAAR

43

12.3 GELDEENHEID

44

12.4 GROTER VOORDELE

44

12.5 NUWE DEELNEMENDE WERKGEMERS

45

12.6 OORDRAGTE VAN OF NA ANDER FONDSSE

45

12.7 BEWYS VAN EISE

46

12.8 ONOPGEËISTE VOORDEEL

46

12.9 ONDERSOEK DEUR AKTUARIS

46

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REELS (HERSIEN)

Bladsy 5 van 53



12.10	BINDENDE KRAAG VAN DIE REËLS	47
12.11	GESKILLE	47
12.12	INSAE IN EN AFSKRIFTE VAN DOKUMENTE VAN FONDS	47
12.13	DIENSVOORWAARDES	48
12.14	ONTBINDING VAN DIE FONDS	48
12.15	BEEÏNDIGING VAN 'N WERKGEWER SE DEELNAME AAN DIE FONDS	50
12.16	REKONSTRUKSIE OF SAMESMELTING VAN 'N WERKGEWER	51
12.17	WYSIGING VAN DIE REËLS	52

DEEL 1

1 INLEIDING

1.1 In hierdie REËLS, tensy die samehang anders aandui, sal woorde soos omskryf in die WET en nie in hierdie REËLS nie die betekenis hê wat in die WET daaraan geheg word; woorde en uitdrukkings in die manlike sal die vroulike insluit en omgekeerd en woorde en uitdrukkings in die enkelvoud sal die meervoud insluit en omgekeerd. Opskrifte en onderopskrifte is slegs om verwysing te vergemaklik en sal nie in ag geneem word by die interpretasie van hierdie REËLS nie.

1.2 NAAM EN OPRIGTINGSDATUM

Die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds is met ingang 1 Julie 1987 opgerig.

1.3 OOGMERK

Die FONDS is opgerig deur die OPRIGTER, soos omskryf in REËL 2.24, met die doel om aan sy LEDE of hulle BENOEEMDES die voordele soos in hierdie REËLS omskryf, te voorsien.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 6 van 53



1.4 STATUS

Die FONDS is 'n onafhanklike regsentiteit wat apart van sy LEDE bestaan en beskik oor die vermoë om, in eie naam te dagvaar of gedagvaar te word, roerende en onroerende eiendom te verkry, te behou of van afstand te doen, en om regte en verpligtinge uit te oefen.


1.5 GEREГИSTREERDE KANTOOR

Die geregistreerde adres van die FONDS is.

Brooksstraat 109
Brooklyn
Pretoria
0181

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 7 van 53



DEEL 2

2 WOORDOMSKRYWINGS

2.1 ADMINISTRATEUR

Die ADMINISTRATEUR deur die FONDS aangestel in terme van REËL 9.7.

2.2 AFHANKLIKE

Met betrekking tot enige LID, beteken:

2.2.1 'n persoon ten opsigte van wie die LID reglens verantwoordelik is vir onderhoud;

2.2.2 'n persoon ten opsigte van wie die LID nie reglens verantwoordelik is vir onderhoud nie, indien so 'n persoon;

2.2.2.1 in die opinie van die TRUSTEES, ten tye van dood van die LID, in werklikheid afhanklik van die LID vir onderhoud was;

2.2.2.2 die gade van die LID is, insluitend 'n party tot 'n gebruikelike verbinteniss in terme van inheemse reg en gebruike;

2.2.2.3 'n kind van die LID is, insluitend 'n postume kind, 'n aangenome kind of 'n buite – egtelike kind;

2.2.3 'n persoon ten opsigte van wie die LID reglens verantwoordelik sou word vir onderhoud, sou die LID nie gestorf het nie.

2.3 AKTUARIS

'n Genoot van 'n instituut, fakulteit, vereniging of kapittel van aktuarissse soos deur die REGISTRATEUR goedgekeur, welke AKTUARIS aangestel is in terme van REËL 9.8.



2.4 BANKREKENING

'n BANKREKENING oopgemaak in die naam van die FONDS ingevolge REËL 9.4.2.7.

2.5 BEGINDATUM

1 Julie 1987.

2.6 BELASTINGOWERHEDE

Die statutêre BELASTINGOWERHEDE wie se goedkeuring van die FONDS vereis word.

2.7 BENOEMDE

'n Persoon, instelling of trust wat ooreenkomstig die REËLS deur die LID aangewys is om voordele by die LID se dood te ontvang.

2.8 BESOLDIGING

Met betrekking tot enige LID beteken die basiese salaris of loon wat die LID van die WERKGEWER ontvang, met inbegrip van 'n bedrag waarop die FONDS en die WERKGEWER ooreenkom en wat nie die waarde oorskry van ander vorme van vergoeding wat die LID van die WERKGEWER ontvang nie.

2.9 BYDRAES

2.9.1 Met betrekking tot 'n LID beteken die bydraes wat deur en ten opsigte van die LID aan die FONDS gelewer is na die OMSKAKELINGSDATUM, insluitende oordragte vanaf ander fondse wat spesifiek ten opsigte van die LID gelewer is, minus die gedeelte daarvan wat deur die FONDS geoormerk is vir die volgende, naamlik –

2.9.1.1 die koste van die bedryf en administrasie van die FONDS soos ooreengekom met die ADMINISTRATEUR (uitgesonderd die beleggingsadministrasie);

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 9 van 53



2.9.1.2 die fooie betaalbaar aan konsultante en ander professionele adviseurs;

2.9.1.3 die lopende koste van RISIKOVOORDELE;

2.9.1.4 enige uitsonderlike koste aangegaan of verliese gely deur die FONDS wat nie ten volle betaal word deur die KOSTERESERWEREKENING nie.

2.10 FINANSIËLE JAAR

Die jaar eindigend op die laaste dag van Februarie van elke jaar.

2.11 FONDS

Die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds.

2.12 FONDSVERJAARSDAG

Die eerste dag van Maart van elke jaar.

2.13 GEREGISTREERDE VERSEKERAAR

'n Instelling wat kragtens die Versekeringswet, 1943 (Wet no. 27 van 1943) geregistreer is om langtermyn versekeringsake te doen.

2.14 GOEDGEKEURDE FONDS

'n Fonds geregistreer ingevolge die WET en/of goedgekeur as 'n pensioenfonds, voorsorgfonds, aftrede annuïteits fonds of bewaringsfonds ingevolge die BELASTINGWET.

2.15 KOSTE RESERWEREKENING

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 10 van 53



Die KOSTE RESERWEREKENING in REËL 10.1 beskryf.

2.16 LAAT AFTREE DATUM

Daar bestaan twee kategorieë van Laat Aftree Datums soos na verwys in REËL 5.4.

KATEGORIE 1: LEDE wat na 1993 LEDE van die FONDS geword het word nie toegelaat om na NORMALE AFTREEDATUM LEDE van die FONDS te bly nie.

KATEGORIE 2: LEDE wat voor 1993 LEDE van die FONDS geword het mag LEDE van die FONDS bly totdat die WERKGEWER die LID se diens beëindig, of die LID vrywillig aftree.

2.17 LID

'n WERKNEMER wat toegelaat is tot lidmaatskap van die FONDS in terme van hierdie REËLS en wie nie opgehou het om 'n LID in terme van hierdie REËLS te wees nie, insluitend 'n WERKNEMER wat tydelik afwesig is van werk in terme van GEDEDELTE 8.

2.18 LID - AANDEEL

2.18.1 Met betrekking tot enige LID, 'n bedrag gelykstaande aan:

2.18.1.1 Die bedrag van die balans van enige krediet vir die LID wat na die OMSKAKELINGSDATUM deur die AKTUARIS bereken is, tesame met;


2.18.1.2 die balans van die LID se bydraes tot die FONDS; en

2.18.1.3 die balans van netto WERKGEWER bydraes tot die FONDS ten opsigte van die LID, nadat die volgende verreken is:

2.18.1.3.1 koste van administrasie aan die ADMINISTRATEUR betaal, proporsioneel per LID toegegee; en

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 11 van 53



2.18.1.3.2 koste van die voorsiening van risikovoordede aan die
GEREGISTREERDE VERSEKERARAAR betaal, proporsioneel per LID
toegedeel; en

2.18.1.3.3 bydrae tot die KOSTERESERWEREKENING, proporsioneel per LID
toegedeel;

tesame met

2.18.1.4 enige surplusse of tekorte wat van tyd tot tyd in die FONDS mag ontstaan,
proporsioneel per LID toegedeel; en

2.18.1.5 beleggingsinkomste verdien op die FONDS se beleggings, proporsioneel per LID
toegedeel.

2.19 NORMALE AFTREEDATUM

Normale aftreedatum met betrekking tot enige LID beteken die laaste dag van die maand waarin
hy/sy NORMALE AFTREE – OUDERDOM bereik.

2.20 NORMALE AFTREE – OUDERDOM

Die ouderdom van 65 jaar.

2.21 OMSKAKELINGSDATUM

1 November 2007 vir alle LEDE van die VORIGE BEDELING.

2.22 ONGESIKTHEIDSVOORDEEL

Die LID is geregtig op 'n maandelikse inkomste, betaalbaar, in terme van - en onderhewig aan -, die
bepallings van 'n ONGESIKTHEIDSVOORDEEL - versekeringspolis aangegaan vir hierdie doel,
onderhewig aan 'n maksimum betaling in terme van die bepallings van die versekeringspolis.



2.23 OMSKAKELINGSKREDIET

2.23.1 Met betrekking tot enige LID, 'n bedrag gelykstaande aan:

2.23.2 Die bedrag wat op die OMSKAKELINGSDATUM vanaf die VORIGE BEDELING oorgedra is vir aanwending in die FONDS spesifiek ten opsigte van die LID. Hierdie bedrag is gelyk aan:

2.23.2.1 die FONDS se opgelope verpligtinge ten opsigte van die LID onmiddellik voor die OMSKAKELINGSDATUM, soos deur die AKTUARIS bepaal;

tesame met

2.23.2.2 toevoeging soos deur die AKTUARIS bepaal, welke toevoegings bepaal word met inagneming van die regte en redelike verwagtings op voordele kragtens die VORIGE BEDELING;

tesame met

2.23.2.3 enige surplus allokasies of beleggings reserves wat oorgelaas is ten opsigte van die LID.

2.24 OPRIGTER

Die FONDS is oorspronklik opgerig deur die Eerste Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk en daarna opgevolg in amp deur die Gemeenskaplike Kerkkantoor Kommissie van die Afrikaanse Protestantse Kerk.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REELS (HERSIEN)

Bladsy 13 van 53

2.25 OUDITEUR

Die ouditeur deur die FONDS aangestel in terme van REël 9.10.

2.26 VROËE AFTREE - OUDERDOM

Die ouderdom van 55 jaar.

2.27 PENSIOENGEWENDE DIENS

Met betrekking tot enige LID beteken die laaste of enigste tydperk wat die LID vir die opbou van aftrevoordele onafgebroke LID van die FONDS is, tesame met 'n ander tydperk waarin die LID vir die WERKGEWER of elders gewerk het en wat die WERKGEWER as PENSIOENGEWENDE DIENS erken het en waarvoor die WERKGEWER toegestem het om tot die FONDS by te dra.

2.28 PORTEFEULJEBESTURDER

'n Portefeuljebesturder goedgekeur in terme van seksie 4 van die *Effektebeurs beheer akte*, 1985 (Wet no. 1 van 1985) aangestel in terme van REël 9.9.

2.29 RAAD

Die RAAD van Trustees van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds wat kraglens die REËLS die FONDS beheer en bestuur.

2.30 RAADSLID

'n Lid van die RAAD.

2.31 REGISTRATEUR

Die Registrateur van Pensioenfondse.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 14 van 53

Two handwritten signatures in black ink. The first signature is a stylized, cursive 'S' or 'J'. The second signature is a more complex, flowing cursive script, possibly reading 'A.S.' or similar.

2.32 REËLS

Die REËLS van die FONDS soos hierin vervel en soos van tyd tot tyd gewysig.

2.33 STERFTE - IN - DIENS VOORDEEL

Enige sterfte - in - diens voordeel verskat ingevolge 'n goedgekeurde versekeringspolis uitgeraek in die naam van die FONDS.

2.34 VORIGE BEDELING

Die FONDS soos sy aittrevoordele onder die vastevoordeel struktuur bepaal was.

2.35 WERKGEWER

2.35.1 Gesamentlik die Gemeenskaplike Kerkkantoor Kommissie van die Afrikaanse Protestantse Kerk en die plaaslike kerke soos omskryf in Artikel 1.1 van die Afrikaanse Protestantse Kerk Kerkorde. (Hierdie is nie die definisie van WERKGEWER soos verleen in die indiensnemingsooreenkoms met die WERKNEMER, of na verwys in dieWet op Arbeidsverhoudinge, 1996, nie.)

2.36 WERKNEMER

'n Persoon wat in die heeltydse diens van die WERKGEWER is , wat nog nie aittrevoordele kragdens die REËLS ontvang het nie.

2.37 WET

Die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet nr. 24 van 1956), soos gewysig, en die regulasies wat ingevolge daarvan afgekondig is.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)


Bladsy 15 van 53

2.38 WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE

Die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 en die regulasies wat ingevolge daarvan afgekondig is, of enige vervangende statutêre maatreëls.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REELS (HERSIEN)

Bladsy 16 van 53



DEEL 3

Slegs vir hierdie GEEDELTE sal WERKNEMER die volgende definisie hê:

Leraars wat in diens van die WERKGEWER is en administratiewe personeel wat in diens van en die trakterende verantwoordelijkheid van die Gemeenskaplike Kerkantoor Kommissie is.

3 LIDMAATSKAP

3.1 KWALIFISERING

3.1.1 Elke WERKNEMER is verplig tot lidmaatskap van die FONDS, sodra hy/sy tot die permanente personeel van die WERKGEWER behoort.

3.1.2 Die verpligting in REËL 3.1.1 bedoeel, moet deur die WERKGEWER as 'n voorwaarde van indiensneming van sy WERKNEMERS gestel word.

3.2 BEEÏNDIGING

3.2.1 'n LID se lidmaatskap mag nie beëindig word solank hy/sy 'n WERKNEMER bly nie.

3.2.2 'n LID se lidmaatskap word beëindig:

3.2.2.1 by die LID se dood; of

3.2.2.2 sodra die LID, nadat hy/sy opgehou het om 'n WERKNEMER te wees, ophou om op 'n voordeel kragtens die REËLS geregtig te wees; of

3.2.2.3 by ontbinding van die FONDS,

waatter gebeurtenis ook al eerste plaasvind.



DEEL 4

4 BYDRAES

4.1 LOPENDE LEDEBYDRAES

- 4.1.1 Solank 'n LID 'n WERKNEMER is, sal hy/sy maandeliks 'n bydrae tot die FONDS lewer gelyk aan 7.5% van die BESOLDIGING.
- 4.1.2 Indien 'n LID se lidmaatskap nie op die eerste dag van 'n maand begin is nie, is geen bydrae vir die maand waarin hy/sy LID word, deur die LID betaalbaar nie.
- 4.1.3 Die LID mag 'n addisionele bedrag tot die FONDS bydra, onderhewig aan die vooraf magtiging van die BELASTINGOWERHEDE.

4.2 LOPENDE WERKGEWERBYDRAES

- 4.2.1 Die WERKGEWER dra maandeliks 'n bedrag gelyk aan 12.5% van die BESOLDIGING van al die LEDE wat aan die FONDS bydraes moet lewer, tot die FONDS by.
- 4.2.2 Indien 'n LID se lidmaatskap nie op die eerste dag van 'n maand begin is nie, is geen bydrae vir die maand waarin hy/sy LID word, deur die WERKGEWER betaalbaar nie.
- 4.2.3 Die WERKGEWER mag 'n addisionele bedrag tot die FONDS bydra ten opsigte van 'n LID, onderhewig aan die vooraf magtiging van die BELASTINGOWERHEDE.

4.3 BETALING VAN BYDRAES AAN FONDS

- 4.3.1 Die WERKGEWER moet die bydraes wat ten opsigte van die LEDE aan die FONDS betaalbaar is, binne sewe dae vanaf die einde van die maand ten opsigte waarvan die




bydraes betaalbaar is, tesame met die WERKGEWER se bydrae, regstreeks aan die FONDS oorbetaal.

4.3.2 Indien bydraes nie bytjds betaal word nie, is rente deur die WERKGEWER aan die FONDS betaalbaar teen die voorgeskrewe koers wat toegepas moet word op laetbetalings van bydraes kragtens die WET.

4.4 BETALINGS AAN GEREГИSTREERDE VERSEKERAR OF PORTEFEULJEBESTURDER

Die ADMINISTRATEUR sal binne sewe dae, nadat fondse na verwys in REël 4.3.1 in die BANKREKENING ontvang is, alle bates van die FONDS beskikbaar vir belegging oorbetaal aan die VERSEKERAR of PORTEFEULJEBESTURDER.



DEEL 5

5 AFTREEVOORDELE

Op ontvangs van voldoende bewys dat die LID afgetree het, sal die volgende voordele toeassing vind:

5.1 AFTREDE OP NORMALE AFTREEDATUM

'n LID sal by aftrede op NORMALE AFTREEDATUM geregtig wees om met die waarde van sy /haar LID AANDEEL 'n pensioen vanaf 'n GEREGISTREERDE VERSEKERARA vir hom -/ haar - self te voorsien.

5.2 PENSIOEN VANAF GEREGISTREERDE VERSEKERARA

5.2.1 Die pensioen waarna in REEL 5.1 verwys word, moet aangekoop word by 'n GEREGISTREERDE VERSEKERARA waarop die LID besluit het, met die LID as eienaar.

5.2.2 Die FONDS se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n LID wat aftree is beperk tot die afsluiting van die pensioen met die GEREGISTREERDE VERSEKERARA vir die betaling ten opsigte van die LID. Onmiddellik nadat die FONDS die koopsom op die pensioen betaal het en, waar toepaslik, enige enkelbedrag betaling gemaak is, word die LID se LIDMAATSKAP van die FONDS beëindig.

5.2.3 Meer as een pensioen mag ten opsigte van 'n LID aangekoop word, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes soos deur die BELASTINGOWERHEDE in hierdie verband voorgeskryf.



5.2.4 Die pensioen moet, onderthegig aan die reg van omskakeling in 'n enkelbedragbetaling wat voorsien word in die vorige REËL, nie-kommuteerbaar en nie-aikkoopbaar wees gedurende die leeftyd van die afgetrede LID nie. Dit mag nie oorgedra, gesadeer, verminder, beswaar of deur krediteure in beslag geneem word nie soos beoog deur artikels 37A en 37B van die WET.

5.2.5 Die pensioen moet ten minste tot die dood van die LID betaalbaar wees.

5.3 VROËE AFTREDE

5.3.1 VRYWILLIGE AFTREDE

'n LID mag, onderthegig aan die geskrewe goedkeuring van die WERKGEWER, te enige tyd na bereiking van die ouderdom van 55 jaar, aftree. In so 'n geval sal die LID op datum van VROËE AFTREDE geregtig wees om met die waarde van sy /haar LID AANDEEL 'n pensioen vanaf 'n GEREIGSTREERDE VERSEKERAR (soos na verwys in REËL 5.2) vir hom -/ haar -self te voorsien.

5.3.2 AFTREDE AS GEVOLG VAN SWAK GESONDHEID

Nieteenstaande die bepaling van REËL 5.1, sou, in die opinie van die WERKGEWER, onderthegig aan die goedkeuring van die RAAD en die BELASTINGOWERHEDE en onderthegig aan lewering van voldoende mediese bewys, 'n LID nie meer in staat wees om sy verantwoordelikhede na te kom as gevolg van swak gesondheid nie, mag so 'n LID op enige tyd aftree voor die NORMALE AFTREEDATUM. In so 'n geval sal die LID op datum van VROËE AFTREDE geregtig wees om met die waarde van sy /haar LID AANDEEL 'n pensioen vanaf 'n GEREIGSTREERDE VERSEKERAR (soos na verwys in REËL 5.2) vir hom -/ haar -self te voorsien.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 21 van 53

5.4 LAAT AFTREDE

5.4.1 KATEGORIE 1 LID

'n LID wat na 1993 LID van die FONDS geword het mag nie in die diens van die WERKGEWER bly na sy/haar NORMALE AFTREE DATUM nie.

5.4.2 KATEGORIE 2 LID

'n LID wat voor 1993 LID van die FONDS geword het, mag na sy / haar NORMALE AFTREEDATUM in diens van die WERKGEWER bly. In so 'n geval sal bydraes aanhou om betaalbaar te wees met betrekking tot die LID na die NORMALE AFTREEDATUM. Wanneer so 'n LID aftree sal die LID by LAAT AFTREDE geregtig wees om met die waarde van sy /haar LID AANDEEL 'n pensioen vanaf 'n GEREGISTREERDE VERSEKERARAAR (soos na verwys in REËL 5.2) vir hom -/ haar -self te voorsien.

5.5 KOMMUTASIE VAN 'N PENSIOEN

Deur by die FONDS aansoek te doen voordat die LID op pensioen kraglens hierdie DEEL geregtig word, mag die LID 'n gedeelte , beperk tot 'n maksimum van een derde, van die pensioen in 'n enkelbedragbetaling, soos deur die WET of enige Statutêre Maatreëls bepaal, ongesit word.

5.6 AANVULLENDE PENSIOEN

Indien 'n bedrag ten opsigte van 'n LID na die FONDS oorgedra word in opdrag van sy/haar vorige WERKGEWER, mag sodanige bedrag aangewend word om 'n aanvullende pensioen vir die LID te voorsien tot die pensioen, wat kraglens hierdie DEEL, betaalbaar is.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 22 van 53

DEEL 8

6 STERFTEVOORDELE VOOR AFTREDE

Indien 'n LID sterf voordat hy/sy afgetree het in terme van die bepalinge van hierdie REËLS, sal die volgende van toepassing wees, onderhewig aan die lewering van voldoende bewys van die LID se dood, aan die FONDS.

6.1 DOOD VOOR OF OP NORMALE AFTREEDATUM VAN 'N WERKNEMER

Die FONDS sal 'n enkelbedrag voordeel gelykstaande aan die oortrede LID se LID - AANDEEL in die FONDS soos op die datum van sy/haar dood betaal ingevolge die bepalinge van REËL 12.1.

6.2 RISIKO STERFTE - IN - DIENS ENKELBEDRAGVOORDEEL

Die LID se AFHANKLIKES en / of BENOEMDES is geregtig op 'n enkelbedrag, betaalbaar, in terme van - en onderhewig aan -, die bepalinge van 'n STERFTE IN DIENS versekeringspolis aangegaan vir hierdie doel.



DEEL 7

7 UITDIENSTREDINGSVOORDELE

Indien 'n LID die diens van die WERKGEWER verlaat voor sy/ haar NORMALE AFTREEDATUM (hetsy vrijwilliglik deur die LID of weens besuinigende aftanking, oortoligheid, ander aftanking of enige ander rede), en die LID nie geregtig is op enige ander voordeel in terme van hierdie REËLS nie, sal die LID geregtig wees op die volgende:

7.1 KONTANTVOORDEEL

'n Enkelbedrag gelykstaande aan die LID se LID – AANDEEL in die FONDS op datum van beëindiging van diens.

7.2 OORDRAG NA ANDER FONDS

7.2.1 Die LID kan verkies dat die KONTANTVOORDEEL waarop hy geregtig is in terme van REËL 7.1, oorgeplaas word na 'n ander GOEDGEKEURDE FONDS van sy/haar keuse. In so 'n geval sal die FONDS die voordeel beskikbaar in terme van REËL 7.1 direk na so 'n GOEDGEKEURDE FONDS oorplaas namens die LID, waarna die LID geen verdere eis teen die FONDS sal hê nie.


7.2.2 Geen oordrag mag na 'n Bewaringsfonds gemaak word, tensy:

7.2.2.1 die Bewaringsfonds as 'n Pensioen – bewaringsfonds deur die BELASTINGOWERHEDE erken word; en

7.2.2.2 die LID se WERKGEWER as 'n deelnemende werkgewer aan die Bewaringsfonds deelneem en daaraan begin deelneem het voor die beëindiging van die LID se diens by die WERKGEWER.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 24 van 53



7.2.3 Indien 'n LID 'n oordrag na 'n Bewaringsfonds kies, mag die LID geen kontantvoordeel neem nie en moet die LID sy/haar volle oordragvoordeel na die Bewaringsfonds oordra, minus:

7.2.3.1 enige oordrag na 'n Fonds wat deur die BELASTINGOWERHEDE as 'n Uitredingsaanuitseitsfonds goedgekeur is; en

7.2.3.2 enige aftrekkings kragtens REËL 12.3.

7.2.4 'n LID mag nie die onttrekkingsopsie wat deur die Bewaringsfonds voorsien word uitoefen nie, indien:

7.2.4.1 daar eers 'n aftrekking van die LID se oordragvoordeel kragtens REËL 12.3 gemaak moet word; of

7.2.4.2 'n deel van die LID se belang in die FONDS die LID se voormalige gade toeval kragtens artikel 7(8) van die Egskeidingswet.

7.3 OPSIE OP GEDEELTELIKE KONTANTVOORDEEL EN GEDEELTELIKE OORDRAGVOORDEEL

Die LID kan die volle of 'n gedeelte van die kontantvoordeel na verwys in REËL 7.1 kies, asook daardie gedeelte van die oordragvoordeel wat oorbly, nadat dit verminder is met die bedrag wat as 'n kontantvoordeel geneem word.

7.4 WERKGEWER SE REG OM BETALING VAN DIE KONTANTVOORDEEL UIT TE STEL

Indien 'n LID 'n kontantvoordeel kragtens REËL 7.1 kies, kan die WERKGEWER bepaal dat dit eers twaalf maande na die datum van diensbeëindiging aan die LID betaal mag word.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 25 van 53



In die geval waar die betaling uitgestel word, word groei by die kontantvoordeel gevoeg vir die tydperk vanaf diensbeëindiging, tot betaling van die voordeel.


7.5 SPESIALE BEPERKING OP OPSIES

7.5.1 Enige opsie wat kragtens hierdie DEEL uitgeoefen word, is onherroeplik.

7.5.2 Indien 'n LID nie binne drie maande na sy/haar beëindiging van diens 'n opsie kragtens hierdie DEEL uitoefen nie, word dit geag dat die LID die kontantvoordeel gekies het.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REELS (HERSIEN)

Bladsy 26 van 53



DEEL 8

8 AFWESIGHEID UIT DIENS

8.1 AFWESIGHEID MET DIE WERKGEWER SE TOESTEMMING

8.1.1 Indien 'n LID met die WERKGEWER se toestemming uit die diens van die WERKGEWER afwesig is, word die LID se LIDMAATSKAP voortgesit, onderhewig aan die volgende:


8.1.2 Die LID mag, met die toestemming van die WERKGEWER, sy / haar BYDRAES tot die FONDS opskort, in welke geval:

8.1.2.1 die WERKGEWER se BYDRAES tot die FONDS in verband met die LID ook opgeskort word; en

8.1.2.2 geen Pensioengewende diens vir die LID opkoop nie.

8.1.3 Gedurende die tydperk van afwesigheid word die BESOLDIGING in verband met so 'n LID geag gelyk te wees aan die BESOLDIGING wat die LID ontvang het onmiddellik voor die begin van die LID se afwesigheid.

8.1.4 Risikowoordele bly slegs op die LID van toepassing wat nie sy/ haar BYDRAES tot die FONDS ingevoige REËL 8.1.2 opgeskort het nie, vir die periode van afwesigheid, maar nie vir langer as twee jaar nie. Tydperke van afwesigheid wat met minder as drie maande onderbreek word, word bymekaar getel om te bepaal of die tydperk van twee jaar verstryk het of nie.



8.1.5 Die LID kan die opsie uitoefen om gedurende die periode van afwesigheid , die risikovoordele te onderhou deur namens die WERKGEWER die premies soos bepaal in die versekeringspolisse aan die FONDS te betaal.

8.2 AFWESIGHEID SONDER DIE WERKGEWER SE TOESTEMMING

'n LID se LIDMAATSKAP vervel en die LID se diens by die WERKGEWER word geag beëindig te wees indien en sodra die LID uit die diens van die WERKGEWER afwesig is sonder die WERKGEWER se toestemming en nie BESOLDIG word terwyl die LID aldus afwesig is nie.

8.3 LID WAT ONGESKIKTHEIDSVORDEEL ONTVANG

VORIGE BEDELING LEDE wat op OMSKAKELINGSDATUM reeds 'n ongeskiktheidsinkomste ontvang sal voortgaan om 'n ongeskiktheidsinkomste te ontvang in terme van – en onderhewig aan – die ONGESKIKTHEID versekeringspolis soos aangegaan met 'n GEREGISTREERDE VERSEKERAAR.



DEEL 9

9 BESTUUR

9.1 DIE RAAD

9.1.1 Die FONDS word beheer en bestuur deur die RAAD, wat self of deur sy gemagtigdes alle handelingte vir en namens die FONDS verrig.

9.1.2 Die RAAD bestaan uit minstens vier en hoogstens ses persone, welke persone RAADSLEDE genoem word. Beide die WERKGEWIER en die LEDE benoem elk 50% van die LEDE van die FONDS.

9.1.3 'n RAADSLID beklee sy/haar amp vir 'n termyn van drie jaar en tree dan af, maar sy/haar ampstermyn eindig ook –

9.1.3.1 indien hy/sy sterf, of bedank deur die ander RAADSLEDE skriftelik kennis te gee; of

9.1.3.2 indien hy/sy kragtens die Maatskappywet, 1973, onbevoeg word om 'n direkteur van 'n maatskappy te wees; of

9.1.3.3 indien hy/sy van sy/haar amp onthief word kragtens die volgende:

9.1.3.3.1 enige RAADSLID wat hom/haar na die oordeel van die RAAD skuldig gemaak het aan wangedrag of die versaking van sy/haar pligte kan by wyse van 'n besluit van die RAAD, geneem met 'n twee-derdes meerderheid van stemme, uit sy/haar amp as RAADSLID onthief word nadat die betrokke RAADSLID die geteentheid geky het om sy/haar saak te stel.

9.1.4 'n Afgetrede RAADSLID kan heraangetel of herkies word, na gelang van die geval, indien hy/sy gewillig en andersins bevoeg is om die amp te beklee.

AFFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REELS (HERSIEN)

Bladsy 29 van 53



9.2 VERKIESING VAN RAADSLEDE DEUR LEDE

9.2.1 Die verkiesing van RAADSLEDE wat deur die LEDE gekies word, geskied in ooreenstemming met die volgende bepalinge:

9.2.1.1 Die RAAD reël en bestuur die volgende proses:

9.2.1.1.1 Wanneer die ampstemming van die RAADSLEDE deur die LEDE verkies kragtens die REËLS beëindig word, moet die RAAD reëlings tref wat die LEDE in staat stel om nuwe RAADSLEDE te verkies.

9.2.1.2 Hierna sal "nominasievorm" verwys na 'n nominasievorm deur die RAAD aan die LEDE versprei, waarvolgens elke LID 'n persoon of soveel persone mag nomineer om as RAADSLEDE op te tree as wat op daardie stadium verkies moet word. Die nominasievorm sal die vorm en inhoud bevat soos deur die RAAD bepaal.

9.2.1.3 Die nominasievorm moet onderteken word deur:

9.2.1.3.1 die LID wat nomineer;

9.2.1.3.2 die LID wat die persoon of persone hierbo nomineer, sekondeer,

9.2.1.3.3 die persoon of persone wat genomineer word.

9.2.1.4 Die nominasievorm moet gestuur word aan die sentrale kerkkantoor van die Afrikaanse Protestantse Kerk.

9.2.1.5 Wanneer die nominasievorms by die sentrale kerkkantoor van die Afrikaanse Protestantse Kerk ontvang word, word die name van die genomineerde persone geëls in volgorde van die getal persone wat die persoon genomineer het.

9.2.1.6 Die eerste een, twee of drie (na aanleiding van die hoeveelheid RAADSLEDE wat verkies moet word) persone wat die meeste genomineer is deur die LEDE, is die verkose RAADSLID / LEDE, terwyl die volgende een, twee of drie persone (soos van toepassing) as sekundi in terme van REËL 9.3. sal optree.



9.3 SEKUNDI

9.3.1 Die Sekundus vir 'n RAADSLID wat verkies is deur die LEDE, sal so 'n persoon / persone wees wat genomineer is in terme van REËL 9.2.1.6.

9.3.2 Die Sekundus vir 'n RAADSLID wat verkies is deur die WERKGEWER, sal so 'n persoon / persone wees wat deur die WERKGEWER aangewys is. So 'n persoon mag slegs vir een RAADSLID as sekundus optree.

9.3.3 Terwyl 'n sekundus vir 'n RAADSLID optree is hy/sy onderworpe aan al die REËLS en voorwaardes wat vir RAADSLEDE geld en moet hy/sy al die verpligtinge en funksies verrig van die RAADSLID wat hy/sy verteenwoordig.

9.3.4 Die Sekundus bly optree wanneer die RAADSLID wat hy/sy verteenwoordig kragtens hierdie REËLS ophou om as RAADSLID op te tree, vir die oorblywende gedeelte van die termyn wat die RAADSLID wat hy/sy verteenwoordig sou optree.

9.3.5 'n Sekundus hou op om as sekundus op te tree, wanneer die RAADSLID wat hy/ sy verteenwoordig weer as 'n RAADSLID optree of as die RAAD aan hom/haar kennis gee dat sy/haar diensle as sekundus beëindig word.

9.4 MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD

9.4.1 Die RAAD moet die oogmerke van die FONDS verwesenlik. Hiervoor moet die RAAD die werksaamhede van die FONDS bestuur, beheer en daaroor toesig hou in ooreenstemming met die REËLS en toepaslike wette (die WET in besonder).

9.4.2 Sonder om op enige wyse afbreuk te doen aan die algemene strekking van die voorgaande bepaling, het die RAAD die volgende magte:

9.4.2.1 om die geld van die FONDS in ooreenstemming met die REËLS en toepaslike wetgewing te ontvang, te beheer en aan te wend;



9.4.2.2 om in die naam van die FONDS enige regsgeëdig in te stel, en enige regsprosedure deur of teen die FONDS te begin, deur te voer, te verdedig, te skik of te laat vaar;

9.4.2.3 om enige van sy magte of plette aan enige instansie of persoon, insluitend 'n komitee van RAADSLEDE, te deleger;

9.4.2.4 om die gelde van die FONDS uit te leen, te belê, op rente uit te sit, op deposito te plaas, in versekeringspolis te belê, voor te skiet of andersins daarmee te handel teen sodanige sekuriteit en op sodanige wyse as wat die RAAD van tyd tot tyd mag bepaal en om sodanige sekuriteite en ander beleggings te realiseer, te herbelê of anders daarmee te handel soos die RAAD mag bepaal;


9.4.2.5 om regulasies op te stel waarin voorgeskryf word hoe enige eise ingedien en deur die FONDS behandel moet word;

9.4.2.6 om enige gelde wat nie onmiddellik vir lopende uitgawes van die FONDS benodig word nie te belê, op deposito te plaas, voor te skiet of andersins daarmee te handel teen sodanige sekuriteit en op sodanige wyse as wat hulle mag bepaal; en om sodanige sekuriteit te realiseer, te wysig, te herbelê of andersins daarmee te handel;

9.4.2.7 om in die naam van die FONDS 'n BANKREKENING te open en te bedryf. So 'n rekening sal oopgemaak word by 'n geregistreerde bankinstelling, soos goedgekeur deur die REGISTRATEUR. Alle fondse ontvang deur of namens die FONDS sal in die BANKREKENING gedeponeer word;

9.4.2.8 om teen rente of andersins geld te leen vir die doeleindes van die FONDS ten einde onvoorsiene kontanttekorte te oortrug of om beleggingsmoontlikhede te benut;

9.4.2.9 om polisse by een of meer Versekerers uit te neem ter versekering van sommige of al die voordeelverpligtinge van die FONDS teenoor sy LEDE indien die RAAD



daartoe sou besluit en om bestaande polisse, indien erige, in stand te hou solank dit wenslik geag word;

9.4.2.10 om in die algemeen sodanige stappe te doen as wat, na sy mening, bevorderlik is vir die verwesenliking van die oogmerke van die FONDS.

9.4.3 Die RAAD mag nie sy diskresionêre magte ten opsigte van die verdeling van sterftenvoordele aan AFHANKLIKES en BENOEMDES deleger nie.

9.4.4 Bo en behalwe die pligte wat op ander plekke in die REËLS aan die RAAD toegedeel is, moet die RAAD die pligte uitoefen wat volgens die WET aan die RAAD toegedeel is.

9.5 WERKWYSES VAN DIE RAAD

9.5.1 Die RAADSLEDE moet by wyse van 'n meerderheid van stemme een van die RAADSLEDE as voorsitter van die RAAD verkies. Indien die voorsitter van die RAAD by 'n vergadering van die RAAD afwesig is, moet die RAADSLEDE wat teenwoordig is 'n voorsitter vir daardie vergadering uit hul geledere benoem. Indien 'n meerderheidsbesluit nie bereik kan word ten opsigte van die verkiesing van die voorsitter van die RAAD nie, moet die verkiesing plaasvind deur die lot te werp.

9.5.2 Die RAAD mag reëls neêrte in verband met die werkwyses van die RAAD wat nie teenstrydig is met die bepalings van die REËLS en die WET nie.

9.5.3 Behoorlike kennis van ten minste 15 dae van 'n gewone vergadering van die RAAD moet aan elke RAADSLID gegee word.

9.5.4 'n Korum van vier RAADSLEDE is nodig om sake af te handel. Indien van die RAADSLEDE, RAADSLEDE is wat deur die LEDE verkies is, moet die korum bestaan uit ten minste een RAADSLID wat deur die WERKGEWER aangestel is en ten minste een wat deur die LEDE verkies is.

9.5.5 Op 'n vergadering van die RAAD moet alle besluite, behalwe 'n besluit om 'n RAADSLID uit sy/haar amp te onthef, by wyse van 'n meerderheid van stemme geneem word. Indien 'n meerderheid van stemme ten opsigte van 'n spesifieke saak nie bereik kan word nie, moet 'n nuwe vergadering belê word. Indien die stemme weer gelyk is, moet die saak

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 33 van 53



na 'n persoon verwys word wat deur die RAAD geag word 'n deskundige op die gebied te wees. Die persoon wat so aangestel word, tree in alle gevalle as 'n deskundige op en nie as 'n arbiter nie. Hy/sy het volle diskresie ten opsigte van die prosedure wat gevolg moet word om 'n beslissing te bereik. Sy/haar beslissing is finaal en bindend.

9.5.6 Indien 'n meerderheidsbesluit nie bereik kan word ten opsigte van die aanstelling van so 'n persoon na verwys in REËL 9.5.5 nie, moet die aanstelling plaasvind deur die lot te werp.

9.5.7 'n Besluit wat deur al die RAADSLEDE onderteken is, is van dieselfde krag en waarde as 'n besluit wat op 'n vergadering van die RAAD geneem is.

9.5.8 Alle besluite van die RAAD wat op 'n vergadering of andersins geneem is, moet aangeteken word in die vorm van geskrewe notule.

9.6 HOOFBEAMPTE EN SEKRETARIS


9.6.1 Die RAAD moet 'n HOOFBEAMPTE kragens die WET aanstel en kan van tyd tot tyd, na sy oordeel, iemand anders as HOOFBEAMPTE aanstel. Die RAAD moet elkeen wat as HOOFBEAMPTE aangestel word, se naam aan die REGISTRATEUR verstrek.

9.6.2 Indien die HOOFBEAMPTE vir meer as dertig dae van die Republiek van Suid-Afrika afwesig is of nie in staat is om sy/haar pligte na te kom nie, moet die RAAD 'n ander persoon aanstel om gedurende sy/haar afwesigheid of ongeskiktheid as HOOFBEAMPTE waar te neem en die REGISTRATEUR van sodanige persoon se naam verwittig.

9.6.3 Indien die RAAD dit nodig ag, kan hy 'n SEKRETARIS en ander personeel aanstel op sodanige voorwaardes as wat hy bepaal. Die RAAD kan ook sodanige aanstellings herroep en nuwe aanstellings doen.

9.7 ADMINISTRATEUR

Die RAAD stel 'n ADMINISTRATEUR aan om administratiewe funksies vir die FONDS te verrig vir die tydperk soos deur die RAAD bepaal, maar met die reg tot ontslag ter enige tyd. Die



ADMINISTRATEUR moet kragtens artikel 13B van die WET as sodanig deur die REGISTRATEUR goedgekeur word.

9.8 AKTUARIS

Die RAAD stel 'n AKTUARIS vir die FONDS aan vir 'n tydperk soos deur die RAAD bepaal, maar met die reg tot ontslag te eniger tyd.

9.9 PORTEFEULJEBESTUURDER

Die RAAD stel 'n PORTEFEULJEBESTUURDER vir die FONDS aan vir 'n tydperk soos deur die RAAD bepaal, maar met die reg tot ontslag te eniger tyd.

9.10 OUDITEUR


Die RAAD sal 'n OUDITEUR aanstel onderhewig aan die goedkeuring van die REGISTRATEUR. So 'n aanstelling sal van krag bly vir 'n tydperk tussen die RAAD en die OUDITEUR ooreengekom, tensy die RAAD die aanstelling onttrek of dit opgesê word deur die OUDITEUR voor die afloop van die ooreengekome periode. Die OUDITEUR sal toegang hê tot alle boeke, rekeninge en ander dokumente wat betrekking het op die FONDS. Die OUDITEUR sal die resultate van die OUDIT jaarliks skriftelik sertifiseer en lewer aan die FONDS.

9.11 PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID

Die RAADSLEDE en die gemaagdes van die RAAD is nie persoonlik aanspreeklik vir 'n verlies wat die WERKGEWER, LEDE, BENOEEMDES of AFHANKLIKES as gevolg van hul optrede mag ly nie, mits die optrede in ooreenstemming met die bepalings van die REËLS was en die verlies nie uit hul nalatigheid, oneerlikheid of bedrog voortspruit nie.

9.12 VRYWARING TEEN VERLIES

Die RAAD moet, op die wyse wat die REGISTRATEUR toelaat, reëlings tref om die FONDS te vrywaar teen verliese as gevolg van bedrog of oneerlikheid.



9.13 UITGAWES VAN DIE RAAD

9.13.1 Alle uitgawes wat deur die RAAD in verband met die toesig, beheer en bestuur van die bedrywighede van die FONDS aangegaan word, word deur die WERKGEWER gedra, in die verhouding waartoe die WERKGEWER ooreenkom.

9.13.2 Die RAADSLEDE word nie vir hul pligte as RAADSLEDE vergoed nie.

9.14 VOORSIENING VAN GEGEWENS

Die WERKGEWER moet van tyd tot tyd aan die RAAD daardie gegewens omtrent LEDE voorsien wat hulle voordele in die FONDS of hul aanspraak daarop raak. Die RAAD mag ingevolge sodanige gegewens handel sonder verdere navraag en is teenoor niemand aanspreeklik vir enige wanvoorstellings, foute of weglatings wat in sodanige gegewens vervat mag wees nie.

9.15 VERLYDING VAN KONTRAKTE EN ANDER DOKUMENTE WAT BINDEND IS OP DIE FONDS

Die RAAD is bevoeg om in ooreenstemming met die REËLS in die naam van die FONDS kontrakte aan te gaan en te wysig en sodanige kontrakte en ander dokumente namens die FONDS te onderteken. Die RAAD kan enige twee RAADSLEDE magtig om enige kontrak of dokument te onderteken wat die FONDS bind of affakteer. Dokumente wat by die REGISTRATEUR ingedien moet word, moet ooreenkomstig die voorskrifte van die WET onderteken word.

9.16 REGISTERS WAT DIE FONDS MOET HOU

Die RAAD moet, ooreenkomstig die regulasies onder die WET, by die FONDS se geregistreerde kantoor registers byhou wat bepaalde inligting oor die volgende bevat:

- 9.16.1 die RAADSLEDE op die RAAD;
- 9.16.2 notules van die RAAD se vergaderings;
- 9.16.3 die LEDE van die FONDS;
- 9.16.4 die FONDS se posadres en geregistreerde kantoor.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 36 van 53



9.16.5 die ADMINISTRATEUR van voordele en beleggings; en
9.16.6 die AKTUARIS.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)
Bladsy 37 van 53

Three handwritten signatures in black ink, appearing to be initials or names, located at the bottom of the page.

DEEL 10

10 REKENINGS EN RESERWES

10.1 KOSTERESERWEREKENING

Die FONDS hou 'n KOSTERESERWEREKENING met die volgende krediete en debiete -

10.1.1 KREDIETE

10.1.1.1 Die bydraes wat geoomerk is deur die RAAD na konsultasie met die AKTUARIS vir die versterking van die KOSTERESERWEREKENING;


10.1.1.2 Die gedeelte van die beleggings van die FONDS wat aangewend of as 'n reserve gehou moet word vir die betaling van enige belasting of heffing wat verband hou met daardie beleggings;

10.1.1.3 Onderworpe aan die maksimum bedrag soos van tyd tot tyd deur die RAAD bepaal word, klein bedrae rente wat op die laat betaling van bydraes kragtens die WET gehef word, wat, indien dit aan die LID-AANDELE toegedeel word, 'n nadelige koste implikasie vir die FONDS en die LEDE sal hê;

10.1.1.4 Enige kredietbalans word met die netto beleggingsopbrengs wat op die bates van die FONDS verdien word, verhoog soos deur die AKTUARIS bepaal.

10.1.2 DEBIEETE

10.1.2.1 Die koste van die administrasie van die FONDS.



10.1.2.2 Enige belastinge en heffings wat nie in ag geneem word by die koste van die administrasie van die FONDS of die belegging van die bates nie;


10.1.2.3 Premies vir getrouheidswaarborg- en professionele vywariingsversekering wat deur die FONDS uitgeneem word;

10.1.2.4 Fooie en vergoeding betaalbaar aan konsultante, adviseurs en ander diensverskaffers wat deur die FONDS aangestel is;

10.1.2.5 Die koste van enige oudit van die FONDS;

10.1.2.6 Koste van opleiding van RAADSLEDE.

10.1.2.7 Indien die FONDS gelikwdeer word, moet enige balans in die rekening kragtens die bepalinge van die WET aangewend word.



DEEL 11

11 BELEGGING VAN BATES EN GELDE

11.1 BELEGINGSKEUSE

11.1.1 Die FONDS bepaal welke beleggingsportefeuljes/planne beskikbaar gestel moet word vir die belegging van bates en gelde van die FONDS.

11.1.2 Die RAAD kan van tyd tot tyd kies in watter vertrouing die LID se LID - AANDEEL(of enige gedeelte daarvan) in die gemelde beleggingsportefeuljes/planne belê moet word. Hierdie keuse en enige verandering daaraan is onderworpe aan die voorwaardes wat die PORTEFEULJEBESTURDER, ADMINISTRATEUR en die GEREGISTREERDE VERSEKERAAR mag stel.

11.1.3 Die koste van 'n wysiging van 'n LID se beleggingskeuse word uit die LID se LID - AANDEEL verhaal.

11.1.4 Die FONDS moet een of meer beleggingsportefeuljes/planne kies vir daardie deel van die bedrag wat tot die krediet van die LID staan ten opsigte waarvan die LID nie behoorlik sy/haar keuse van beleggingsportefeuljes/planne corpedra het of gekies het dat die FONDS die keuse moet maak nie.

11.2 BELEGGING VAN BATES EN GELDE TERWYL EIS HANGENDE IS

11.2.1 Vir die doeleindes van die REËLS beteken QUASIKONTANT 'n poel van kontant- en likiede bates asook korttermyn vaste rentedraende beleggings wat deur die FONDS se ADMINISTRATEUR gehou word, en waarvan die opbrengs vir enige tydperk gelyk is aan die opgelope maandelikse gemiddelde opbrengs wat op sodanige bates en beleggings oor die betrokke tydperk verdien is.




11.2.2 Die FONDS moet reël dat die voordeel wat voortspruit uit 'n LID se aftrede, sterfte of diensbeëindiging in QUASIKONTANT belê word vanaf 'n datum nie later nie as die sewende dag wat volg op die laaste van:

11.2.2.1 die datum van aftrede, sterfte of diensbeëindiging;

11.2.2.2 die datum waarop die FONDS se ADMINISTRATEUR die kennisgewing van aftrede, sterfte of diensbeëindiging ontvang in die formaat soos deur die ADMINISTRATEUR vereis; en

11.2.2.3 die datum waarop die laaste bydrae wat ten opsigte van die LID aan die FONDS verskuldig is, ten volle aan die FONDS betaal word, plus die tyd wat die ADMINISTRATEUR redelikenwys vereis om die korrektheid van die bydraes te verifieer.

11.2.3 Die netto inkomstekoers wat op die belegging soos bedoel in die voorgaande sub-REËL verdien word, maak die FONDSRENTE in verband met die LID uit vanaf die aanvang van daardie belegging tot die datum waarop die ADMINISTRATEUR die belastingaanwysing van die BELASTINGOWERHEDE aanvra.

Two handwritten signatures in black ink. The first signature is on the left, and the second is on the right, both appearing to be initials or short names.

DEEL 12

12 DIVERSE BEPALINGS

12.1 BENOEMDES BY AFSTERWE VOOR NORMALE AFTREEDATUM

12.1.1 Onderthrewig aan die voorskrifte wat deur die FONDS neergelê is, kan 'n LID skriftelik 'n persoon aanwys (en so 'n aanwysing skriftelik herroep) om voordele in geval van die LID se afsterwe te ontvang.

12.1.2 Die voordele wat aan AFHANKLIKES en BENOEMDES van 'n oorlede LID, anders as die wat aan 'n bepaalde AFHANKLIKE en BENOEMDES kragtens ander reëls betaalbaar is, word deur die FONDS aan die AFHANKLIKES en BENOEMDES betaal in verhoudings wat deur die RAAD as regverdig beskou word.


12.1.3 Indien die FONDS nie binne twaalf maande na die dood van die LID van 'n AFHANKLIKE of BENOEMDE van die LID te wete kom of een opspoor nie, word hierdie voordele in die boedel van die LID gestort of, indien daar nie ten opsigte van die LID 'n inventaris ingevolge artikel 9 van die Boedelwet, 1965, deur die Meester van die Hooggeregshof ontvang is nie, in die Voogdyfonds gestort. Hierdie sub – REËL is onderthrewig aan artikel 36C van die WET.

12.1.4 'n Betaling wat kragtens REËL 12.1 aan 'n persoon gedoen moet word, mag aan 'n voogd of kurator of 'n trustee beoog in die Wet op die Beheer van Trustgoed, 1988 (wat nie 'n beaampte van die FONDS mag wees nie), vir die voordeel van so 'n persoon, gedoen word. Sulke betalings onthef die FONDS van enige verdere aanspreeklikheid in verband met so 'n persoon.

12.1.5 Die FONDS mag die besluit om betaling aan 'n bepaalde persoon te maak, op enige tydstip verander. Indien 'n persoon aan wie betaling kragtens die REËLS gedoen word, (anders as 'n LID) te sterwe kom voordat betaling van die voordeel aan so 'n persoon voltooi is, sal die FONDS die voordeel aan so 'n persoon se boedel betaal.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 42 van 53



12.2 VOORDELE ONVERVREEMBAAR

12.2.1 Alle voordele en regte op voordele kragtens hierdie REËLS is onderhewig aan die voorwaardes ten opsigte van, onder andere, vermindering, sessie en beslaglegging waarna in artikele 37A en 37B van die WET verwys word.

12.2.2 Behoudens REËL 12.3, maak 'n voordeel wat deur die FONDS in verband met 'n gestorwe LID betaalbaar is, nie deel uit van die bates in die boedel van so 'n LID nie.

12.3 AFTREKKING VAN VOORDELE

12.3.1 Volgens reëling met en namens 'n LID of BENOEMDE, mag die FONDS die volgende betaal –

12.3.1.1 Die LID of BENOEMDE se ledegeld van 'n geregistreerde mediese skema; of

12.3.1.2 'n Versekeringspremie wat deur so 'n LID of BENOEMDE aan 'n GEREGISTREERDE VERSEKERER betaalbaar is; of


12.3.1.3 'n Bedrag vir enige doeleindes wat deur die REGISTRATEUR goedgekeur word, op die voorwaardes wat die REGISTRATEUR bepaal.

12.3.1.4 Die RAAD mag die bedrae van die voordeel waarop die LID of BENOEMDE kragtens die REËLS geregig is, aftrek.

12.3.2 Die RAAD mag ook sekere ander bedrae uit voordele wat kragtens die REËLS betaalbaar is, verhaal en dit aan die WERKGEWER, waar van toepassing, betaal.
Hierdie bedrae is –

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 43 van 53



12.3.2.1 Enige bedrag wat die LID aan die FONDS of die WERKGEWER verskuldig is in verband met 'n lening wat aan die LID toegestaan is vir 'n woning.

12.3.2.2 Die bedrag van enige skade wat die WERKGEWER gely het vanweë diefstal, oneerlikheid, bedrog of wangedrag deur die LID en ten opsigte waarvan die LID skriftelik aanspreeklikheid teenoor die WERKGEWER erken het, of vonnis teen die LID in 'n hof verkry is.

12.3.2.3 'n Eis vir die bedrag wat kragtens REËL 12.3.2 verskuldig is, moet skriftelik aan die RAAD binne 'n redelike tyd vanaf die gebeurtenis wat aanleiding gee tot die betaling van die voordeel, voorgelê word. Die redelike tyd waarbinne sodanige eise voorgelê moet word, word van tyd tot tyd deur die RAAD bepaal.

12.3.2.4 Die FONDS se reg kragtens REËL 12.3.2 om bedraë uit voordele te verhaal, is beperk tot die bedrag wat kragtens die REËLS deur die LID of BENOEMDE as 'n enkelbedragvoordeel geneem mag word. Om afrekkings te maak van voordele wat ten opsigte van 'n LID betaalbaar is, mag die RAAD die bedrag van enige pensioen wat betaalbaar gaan word vir 'n enkelbedrag kommuteer tot die maksimum bedrag wat kragtens die REËLS gekommuteer mag word.

12.4 GELDEENHEID


Alle bedraë wat ingevolge die REËLS aan of deur die FONDS betaalbaar is, is in die geldeenheid van die Republiek van Suid Afrika, in die Republiek van Suid Afrika betaalbaar.

12.5 GROTER VOORDELE

12.5.1 Die WERKGEWER mag versoek dat die FONDS groter voordele verskaf as waarvoor elders in die REËLS voorsiening gemaak word. Die verhoging is onderhevig aan die vereistes en voorwaardes neergelê deur die FONDS na raadpleging met die AKTUARIS.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 44 van 53



12.5.2 Indien die koste van die groter voordeel, die koste van die voordeel wat in die REËLS bepaal word met meer as die persentasie, wat deur die BELASTINGOWERHEID voorgeskryf word, oorskry, mag die groter voordeel nie sonder die goedkeuring van die BELASTINGOWERHEID betaal word nie.

12.5.3 Die WERKGEWER moet die koste van enige verhoging in die voordeel wat nog nie befonds is nie, tot die FONDS bydra.

12.6 NUWE DEELNEMENDE WERKGEWERS

12.6.1 Enige filiaal van die WERKGEWER moet, onderhewig aan die bepallings wat die WERKGEWER mag neëttē, aan die FONDS deelneem.

12.6.2 'n WERKNEMER, wat in die diens is van 'n nuwe deelnemende WERKGEWER op die datum waarop die deelnemende WERKGEWER aan die FONDS begin deelneem, mag op of na die datum waarop die WERKNEMER vir lidmaatskap van die FONDS kwalifiseer, maar binne 'n tydperk wat die FONDS bepaal, LID van die FONDS word deur om daarvoor aansoek te doen. Die tydperk bepaal deur die FONDS mag nie langer as 12 maande wees nie.


12.7 OORDRAGTE VAN OF NA ANDER FONDSSE

12.7.1 Die FONDS mag, in ooreg met die WERKGEWER en ander Fondse, voordele van daardie Fondse ontvang of voordele na daardie Fondse oordra op die voorwaardes wat die FONDS bepaal, met dien verstande dat geen oordragte uit die FONDS gemaak mag word na enige Fondse anders as 'n pensioenfonds of 'n uittredingsannuïteitsfonds soos omskryf in die Inkomstebelastingwet, 1962, nie.

12.7.2 Oordragte na Fondse wat deur die BELASTINGOWERHEDE as Bewaringsfondse erken word, is onderhewig aan die bepallings van REËL 7.2.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 45 van 53



12.8 BEWYS VAN EISE

Die FONDS is nie verplig om enige eise toe te staan tensy hy nie tevrede gestel is aangaande die ouderdom van die LID en aangaande elke ander omstandigheid wat die FONDS as tersaaklik in verband met die eis beskou nie en waarvoor die FONDS om bewyse of inligting aangewra het nie.

12.9 ONOPGEËISTE VOORDEEL

Die bepallings van die Verjaringswet, 1969, is van toepassing op onopgeëiste voordele, behalwe voordele wat by die dood van die LID betaalbaar word.

12.10 ONDERSOEK DEUR AKTUARIS

12.10.1 Die RAAD moet ten minste elke drie jaar die FONDS se finansiële toestand deur die AKTUARIS laat ondersoek en 'n verslag daaroor deur die AKTUARIS laat lewer.

12.10.2 Die AKTUARIS moet in die verslag, ondermeer aantoon watter verhogings of verlaging in die bydraes en die voordele van die FONDS deur die finansiële toestand van die FONDS aangedui word.

12.10.3 Binne twaalf maande na die datum waarop die ondersoek betrekking het, moet die FONDS:

12.10.3.1 'n Afskrif van die verslag aan die REGISTRATEUR voorlê.

12.10.3.2 'n Afskrif van die verslag, of 'n opsomming daarvan, in 'n regulasie voorgeskrewe vorm, deur die AKTUARIS opgestel en deur hom/ haar onderteken, aan elke WERKGEWER wat aan die FONDS deelneem, stuur.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 46 van 53



12.10.3.3 Wanneer 'n afskrif van die verslag by die REGISTRATEUR ingedien word, moet die FONDS ook 'n sertifikaat indien dat daar voldoen is aan die spesifieke bepailings van REEL 12.10.3.2.

12.10.3.4 Indien die ondersoek aan die lig bring dat daar 'n oorskot of tekort in die FONDS is, moet die RAAD, onderhewig aan die WERKGEWER se goedkeuring, besluit hoe om die oorskot te hanteer of die tekort te befonds. Indien nodig, moet die FONDS die REËLS wysig om aan die beslissing uitvoering te gee.

12.11 BINDENDE KRAAG VAN DIE REËLS

Die REËLS bind die WERKGEWER, die LEDE, die FONDS en die beamptes daarvan en enige iemand wat 'n vordering kragtens die REËLS instel of wat sy/haar vordering van iemand wat aldus vorder, verkry het.

12.12 GESKILLE

In 'n geskil in verband met die vertolking van die REËLS of die administrasie van die FONDS, moet die klaer 'n skriftelike klagte by die FONDS indien. Die FONDS moet binne dertig dae na die ontvangs van sodanige klagte skriftelik daarop antwoord. Indien die klaer nie met die FONDS se antwoord tevrede is nie en die klagte 'n klagte is soos in die WET omskryf, kan die klaer die klagte by die Beregtter van Pensioenfondse indien.

12.13 INSAE IN EN AFSKRIFTE VAN DOKUMENTE VAN FONDS

Die LEDE mag te alle redelike tye insae verkry in die REËLS, enige polisse wat voordele van die FONDS verseker en die jongste geldstate van die FONDS by die personeelkantoor van die OPRIGTER. LEDE kan, teen betaling van 'n redelike bedrag wat deur die FONDS vasgestel is, afskrifte van die REËLS verkry.



12.14 DIENSVOORWAARDES

Niks in hierdie REËLS perk die reg van die WERKGEWER in om 'n WERKNEMER uit die diens van die WERKGEWER te ontstaan nie.

12.15 ONTBINDING VAN DIE FONDS

12.15.1 Die WERKGEWER mag, onderworpe aan vooraf kennisgewing aan die LEDE, die RAAD opdrag gee om die FONDS te laat ontbind. Die FONDS word ook ontbind indien die OPRIGTER voorlopig gelikwideer word of ophou om sake te doen.

12.15.2 Geen bydraes is aan die FONDS betaalbaar vir die tydperk wat volg op die maand waarin opdrag gegae word om die FONDS te laat ontbind of waarin die voorlopige likwidasie plaasvind of waarin opgehou word om sake te doen nie.

12.15.3 Indien die FONDS ontbind moet word, stel die RAAD, onderworpe aan die goedkeuring van die REGISTRATEUR, 'n likwidateur aan.

12.15.4 Die likwidateur raadpleeg die AKTUARIS met betrekking tot die waarde van die FONDS se bates en wend sodanige bates aan sodat:


12.15.4.1 Voordele by 'n VERSEKERARAAR of 'n ander goedgekeurde fonds aangekoop word ten opsigte van:

12.15.4.2 LEDE wat op die ontbindingsdatum reeds die NORMALE AFTREE-OUDERDOM bereik het, maar nog nie afgetree het nie;

12.15.4.3 Bevoordeeldes ten opsigte van wie voordele voor die ontbindingsdatum betaalbaar geword het, maar wat nog nie die betaling daarvan ontvang het nie.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 48 van 53



12.15.5 Die voordele wat hiervolgens aangekoop word en die bepailings waarvolgens die voordele deur die VERSEKERARAAR of ander fonds aan LEDE en AFHANLIKES betaalbaar sal word, slern so na as moontlik ooreen met dié wat deur die FONDS betaalbaar was of sou word indien die FONDS nie ontbind het nie.


12.15.6 Die resant van die bates van die FONDS (as daar is) na betaling van voordele in REËL 12.15.5 beoog, word aangewend om uitgestelde pensioene vir die oortlywende LEDE by 'n VERSEKERARAAR aan te koop. Sodanige uitgestelde pensioene word aangekoop met die bedrag gelyk aan elke LID se LID - AANDEEL in die FONDS, soos deur die AKTUARIS bepaal, met dien verstande dat, indien die LID die RAAD daartoe versoek, die betrokke LID se LID - AANDEEL in die FONDS in 'n enkelbedrag aan hom/haar betaal mag word. Die likwidateur mag LEDE wat gedurende die onmiddellik voorafgaande tydperk van twaalf maande die diens van die WERKGEWER weens inkorting of reorganisasie van personeel verlaat het as LEDE van die FONDS beskou wat op ontbindingsvoordele geregtig is, met dien verstande dat die voordele reeds aan hulle uitbetaal in ag geneem word by die berekening van die ontbindingsvoordele waarop hulle geregtig word.

12.15.7 Indien die FONDS kragtens artikel 28 van die WET beëindig of ontbind word, word alle gelde wat onopgeëis bly vir 'n tydperk van ses maande na die datum waarop die betaling van voordele verklaar is, en nadat voltooiing van alle nodige formalitye afgehandel is, deur die likwidateur tot voordeel van die betrokke bevoordeelde in die Voogdyfonds gestort, waarna daar geen verdere eis teen die FONDS ten opsigte van sodanige gelde bestaan nie. Die likwidateur dui in sy finale likwidasierekening die bedrag wat sodanig betaal is, aan en voorsien terselfdertyd die Registrateur van Pensioenfondse van 'n sertifikaat dat alle redelike stappe geneem is om die betrokke bevoordeelde op te spoor. 'n OUDITEUR wat deur die REGISTRATEUR goedgekeur is, sertifiseer die rekening as korrek.

12.15.8 Indien die FONDS kragtens artikel 29 van die WET ontbind word en die hofbevel nie artikel 410 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973) uitdruklik van toepassing maak nie en geen ander voorskrif bepailings aangaande die aanwending van onopgeëisde gelde maak nie, geld die bepailings van REËL 12.5.6

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 49 van 53



12.15.9 Vir die doeleindes van hierdie REËLS en indien die likwidateur dit gerade ag, met inagneming van enige voordele wat reeds aan die LID of vormalige LID betaal is, kan dit beskou word dat enige LID of voormalige LID wie se diens by die WERKGEWER voor die NORMALE AFTREEDATUM en gedurende die tydperk wat die likwidasie voorafgaan vrywillig of andersins beëindig is, 'n LID of WERKNEMER was op die datum van likwidasie. Die Likwidateur moet dit oorweeg of hierdie bepaling nie minstens toegepas moet word op diegende wie se diens gedurende die twaalf maande voor likwidasie beëindig is nie

12.16 BEÏNDIGING VAN 'N WERKGEWER SE DEELNAME AAN DIE FONDS

12.16.1 'n WERKGEWER se deelname aan die FONDS word beëindig indien dit:

12.16.1.1 voortloep gelikwiddeer word;

12.16.1.2 ophou om sake te doen; of

12.16.1.3 ophou om 'n lid van die OPRIGTER te wees.

12.16.2 Indien deelname van een van 'n aantal WERKGEWERS beëindig word, moet die belange in die FONDS van --


12.16.2.1 die LEDE in die WERKGEWER se diens; en

12.16.2.2 diegene aan wie betalings in daardie stadium kragtens die REËLS gedoen word op grond van hulle of iemand anders se aftrede of dood terwyl hulle in die diens van die WERKGEWER was.

op 'n wyse waartoe die RAAD en die WERKGEWER ooreenkom, voorgedra word na en aangewend word onder 'n ander FONDS wat afteevoordele voorsien of gebruik om

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS REËLS (HERSIEN)

Bladsy 50 van 53



afteevoordele of gereelde inkomstevoordele vir hulle by 'n GEREISTREERDE VERSEKERERAAAR aan te koop. Maar indien die bedrag wat op 'n besondere LID of persoon betrekking het, te klein is om ekonomies op so 'n wyse aangewend te word, mag dit in 'n enkelbedrag betaal word en die gedeelte wat in 'n enkelbedrag betaalbaar sou wees in die geval van vrywillige diensbeëindiging mag in elk geval in 'n enkelbedrag betaal word.


12.16.3 In die voorgaande sub-REËL beteken die belange in die FONDS van 'n LID of persoon waarna in die voorgaande sub-REËL verwys word, die waarde van die FONDS se opgehoë verpligtinge ten opsigte van hom/haar, welke verpligtinge bepaal is met inagneming van die regte op en redelike verwagtings ten opsigte van voordele kragtens die REËLS en addisionele voordele waarvan die betaling gevestigde praktyk geword het. Maar in die geval van so 'n LID beloop sy/haar belange nie meer nie as die gemelde waarde vermenigvuldig met die persentasieverhouding van die FONDS se bates tot sy verpligtinge, soos deur die AKTUARIS bepaal. Indien die OPRIGTER toestem, mag die RAAD die belange op hoër bedrae vasstel, wat nie die bedrae oorskry nie wat waarskynlik aan hulle toegestaan sou word indien die FONDS kragens die voorgaande REËL geëkwydeer sou word.

12.16.4 In die geval van die beëindiging van 'n WERKGEWER se deelname aan die FONDS, geld REËL 12.15.9 mutatis mutandis en op die basis dat die RAAD en die REGISTRATEUR moet ooreenkom of dit paslik is om daardie bepaling ten opsigte van enige LID of voormalige LID te laat geld.

12.17 REKONSTRUKSIE OF SAMESMELTING VAN 'N WERKGEWER

12.17.1 Indien 'n WERKGEWER in 'n soortgelyke of gewysigde vorm gerekonstrueer word of met 'n ander maatskappy of organisasie saamsmelt, besluit die RAAD, in ooreenstemming met die gerekonstrueerde of geëmalgameerde maatskappy of organisasie en die OPRIGTER, indien toepaslik, of-

12.17.1.1 die FONDS in dieselfde of in gewysigde vorm sal voortgaan en die gerekonstrueerde of geëmalgameerde maatskappy of organisasie die plek van die WERKGEWER inneem;



12.17.1.2 die FONDS ontbind en gelikwydeer moet word op die wyse hierbo uiteengesit; of

12.17.1.3 die WERKGEWER se deelname aan die FONDS moet beëindig word. In hierdie geval geld die bepallings van die voorgaande REËL.

12.17.2 REËL 12.17.1.1 is alleenlik van toepassing indien die gerekonstrueerde of geëmalgameerde maatskappy of organisasie –

12.17.2.1 klaarblyklik die opvolger is van die besigheid en arbeidsmag van die WERKGEWER; en

12.17.2.2 in die geval van 'n ander WERKGEWER as die OPRIGTER, 'n LID van die OPRIGTER by.

12.18 WYSIGING VAN DIE REËLS

12.18.1 Die FONDS mag die REËLS, behalwe REËL 12.15.9, te eniger tyd wysig, mits –

12.18.1.1 die OPRIGTER daartoe instem; en

12.18.1.2 die Belastingowerhede goedkeuring daartoe verleen; en

12.18.1.3 die Registrateur van Pensioenfondse die wysiging registreer.

12.18.1.4 Die FONDS moet reël dat die Registrateur van Pensioenfondse en die Belastingowerhede in kennis gestel word van elke wysiging van die REËLS.



12.18.1.5 Indien die REËLS gewysig word met betrekking tot die voordele wat deur die FONDS verskaf word, is die wysiging, tensy uitdruklik anders bepaal, nie van toepassing nie op-

12.18.1.5.1 die voordele in verband met LEDE wat op die wysigingsdatum nie meer WERKNEMERS is nie; en

12.18.1.5.2 voordele in verband waarmee eise op die wysigingsdatum reeds ontstaan het.

12.18.1.5.3 Sodra 'n wysiging van die REËLS deur die Registrateur geregistreer word, of ten minste een keer elke jaar, moet die RAAD die LEDE in kennis stel van elke wysiging van die REËLS.